## ***Belangrike inligting – 0-4 jaar evaluasie***

# Lize Kubannek

**ARBEIDSTERAPEUT**

***PR NO: 066 000 0183369***

| | | | |
|---|---|---|---|
| ***ADRES*** | ***Marshallstraat 260<br>POLOKWANE*** | ***TEL:*** | ***083 415 9138*** |
| ***POSKODE*** | ***0699*** | ***EPOS:*** | ***lize@occupational-therapy.co.za*** |


Van geboorte tot vier jaar is ‘n evaluasie informeel. Waar moontlik sal gestandaardiseerde toetse ingeskakel word, maar merendeels word daar gebruik gemaak van kollaterale inligting en observasies.

'n Evaluasie bestaan uit vier komponente:

1. Ouer-onderhoud (108 *eerste 30 minute* = R297.00, 109 *vir elke addisionele 15 minute* = R148.40) van 60-90 minute
2. Evaluasie (209 = R1,048.00)
3. Merk van toetse, interpretasie van uitslae en skryf van die evaluasie verslag (110 = R230.50)
4. Terugvoer en aanbevelings (108 *eerste 30 minute* = R297.00, 109 *vir elke addisionele 15 minute* = R148.40, 401 = R209.80) van 90 -180 minute

Indien u nie oor ‘n mediese fonds beskik nie is die evaluasie betaalbaar voor/op die datum van u kind se evaluasie en sal dit u in totaal R3,000 kos.

BANKBESONDERHEDE:

- Bank: Standard Bank
- Tak: Polokwane Square
- Tak kode: 05 25 48
- Rekening: LU Kubannek
- Rekening nommer: 030 232 147
- Verwysing: A/u kind se naam en van/datum van die evaluasie (***bv A/Pieter Kubannek/2024-01-15***)

Indien u sou verkies om van u mediese fonds gebruik te maak sal die rekening direk by u mediese fonds ingedien word.

Daar is nie vasgestelde mediese fonds tariewe nie (u kan die voorgeskrewe minimum tariewe vir Arbeidsterapie *(sien bo)* as riglyn gebruik) en elke mediese fonds het 'n afsonderlike betalingsooreenkoms met diensverskaffers.

# <u>***Belangrike inligting – 0-4 jaar evaluasie***</u>

Ek is ingekontrakteer by alle mediese fondse en sal nie meer as die mediese fonds tarief eis nie. Daarom behoort u dus nie 'n bybetaling te hê nie ***(solank u mediese fonds Arbeidsterapie dek en daar voldoende fondse beskikbaar is nie)***.

Wanneer u u kind se evaluasie aanlyn bespreek, neem asb kennins dat die evaluasie oor twee dae strek.

Op dag een (die Maandag/Woensdag) vind die oueronderhoud en u kind se evaluasie/observasie plaas.

Ons begin stiptelik om 08:00. Wanneer u by die praktyk arriveer, parkeer asb u voertuig op die plaveisel op die sypaadjie. Ek sal u by die kantoor aan die einde van die oprit ontmoet.

U kind moet asb gemaklik aangetrek wees in klere wat nie sy/haar beweging sal strem nie.

Daar is 'n klomp vorms wat vooraf ingevul moet word. U kan dit onder die **DOCUMENTS** afdeling op my webtuiste aflaai en saambring op die dag van u kind se evaluasie.

Vir u as ouer om in te vul:

- Patient Agreement (die vorm word aanlyn ingevul ten einde die afspraak te bevestig). Neem asb kennis dat u die volgende dokumente sal moet oplaai – maak dus seker dat u afskrifte daarvan op u rekenaar beskikbaar het:
    - U kind se geboortesertifikaat
    - Die persoon verantwoordelik vir die rekening se identiteitsdokument
    - U mediese fonds kaart (indien u van u mediese fonds gebruik wil maak)
- Sensory Checklist
- Milestone Checklist

Vir u kind se onderwyseres(se) om in te vul:

- Sensory Checklist
- Milestone Checklist

U moet ook die volgende dokumente saambring op die oggend van u kind se evaluasie:

- U kind se kliniekkaart
- Die vorms wat u en u kind se onderwysers ingevul het
- Enige mediese/evaluasie verslae

- U kind se skoolrapporte
- Die bewys van betaling indien u nie van u mediese fonds gebruik maak nie

Ek gaan u uitvra oor die volgende:

- U/u vrou se swangerskap met u kind
- U kind se vroeë ontwikkelingsmylpale
- U kind se mediese geskiedenis
- U kind se eetgewoontes
- U kind se emosionele en sosiale aanpassing
- U kind se skoolloopbaan

Neem asb kennis dat u ouerterugvoersessie op die tweede dag (die Dinsdag/Donderdag) om 08:00 sal plaasvind.

Die terugvoersessie is net vir ouers en u kind sal u dus nie na die afspraak vergesel nie.

Kontak my gerus via sms/WhatsApp op 083 415 9138 indien u enige verdere inligting benodig.

Vriendelike Groete,

Lize